Harvesters Ministries
Opening the Way
Februarie 2026







# Indië Die Grootste Sendingveld in die Wêreld

NE0226_AFEM

Indië het 'n bevolking van meer as 1.46 biljoen mense – amper meer as wat daar op die hele kontinent van Afrika is. Een uit elke ses mense in die wêreld woon in Indië, wat beteken dat dit die grootste sendingveld ter wêreld is. Tog is daar meer as 2 000 mensegroepe in hierdie land wat steeds onbereik is deur die Evangelie en, onder baie van hulle, weet minder as 0.1% van die mense van Christus.

Harvesters werk daaraan om hierdie realiteit te verander. Ten spyte van groeiende weerstand en anti-bekeringswetgewing in verskeie state, word leraars steeds opgelei en ontwikkel nuwe kerkplanting Strome regoor die nasie. Twee van Harvesters se 'Hot Zones' – areas waar die potensiaal vir versnelde kerkplanting beduidend is – is in Indië.

In een Stroom in die noordweste, is veertig leiers deur Harvesters opgelei. Hulle werk onder twintig afsonderlike onbereikte mensegroepe. In die afgelope maande is ses nuwe opleiding Strome geloods met 'n verdere drie-en-twintig wat vir hierdie jaar beplan word.

'n Kragtige oomblik tydens ons laaste besoek was toe ons op reis was na 'n stad in die noorde om 'n geliefde leraar se huis te besoek. Soos ons nader aan die huis beweeg het kon ons hoor hoe sagte stemme die lied 'Light of the World' sing – 'n kosbare herinnering dat die Here in donker plekke hoop bring.

Baie lede van hierdie pragtige nasie is verlore; hulle is vasgevang in die aanbidding van dooie gode. Elkeen van hulle is belangrik vir God. Elke leraar wat opgelei word en elke kerk wat geplant word verteenwoordig nog 'n gemeenskap wat met die hoop van Jesus bereik word. Namate Harvesters daarmee voortgaan om uit te brei in Indië se geestelik donkerste en mees dig bevolkte areas, breek die lig van die Evangelie deur.



## Ook in hierdie uitgawe:

2 God se Kinders Oorkom Vrees en Apatie in Europa
4 Die Harvesters-manier: Ontsluit die Krag van Plaaslike Leierskap



# God se Kinders Oorkom Vrees en Apatie in Europa

**"Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."**
– 2 Timoteus 1:7

Op 'n sonnige dag in Bornholm, Denemarke het Bent by 'n fontein gesit, sy gesig in die son warm gebak en gebid. Hy wou net opstaan en loop toe twee jong mans na hom toe kom en vra, "Is hier plek vir ons; is jy op pad?" Dit het dertien jaar geneem vir Bent om God se roeping te gehoorsaam. Dit was die oomblik waarvoor hy gewag het. "Sit hier," het hy gesê en vir hulle plek gemaak.



## Die Groot Opdrag Inspireer en Daag Uit

Regdeur Europa is baie Christene, soos Bent, vasgevang in die kettings van passiwiteit en vrees. Die invloed en grootte van kerke neem af en die meerderheid van diegene wat hulself nog as Christene beskou is louwarm en apaties teenoor die Groot Opdrag. In Denemarke gaan slegs 10% van die bevolking kerk toe, in teenstelling met die 55% van die bevolking wat as nie-praktiserende Christene geklassifiseer word. Maar God het Harvesters en getroue vennote geroep om te help om die geloofsvlam in Denemarke en die res van Europa aan te wakker.

Nadat Bent Harvesters se Dissipelmakers-program by sy kerk bygewoon het, is Bent terselfdertyd uitgedaag en geïnspireer. Lank gelede het God 'n visie in sy hart geplaas om te bid, op 'n trein te klim en die Evangelie te deel met wie ook al langs hom sit. Nou, dertien jaar later, was Bent uiteindelik gereed om hierdie roeping op te volg.


Hy het sy vrou gevra om vir hom te bid, uitgegaan en by 'n fontein in die dorp gewag. Toe twee mans langs hom kom sit, was hy benoud. Hy het geglo dat dit nooit sou werk om die Evangelie met hulle te deel nie. Maar, ten spyte van Bent se skugterheid, het die Heilige Gees oorgeneem.

## Die Gees Lei Ons

Toe die mans vir hom vra wat hy doen, het Bent vreesloos geantwoord: "Ek bid." Sy antwoord het 'n gesprek ontketen en hy het hulle van Jesus vertel. Hy het sy hande op hulle gelê en gebid dat hulle nie sou vrede vind totdat hulle Jesus as hul Redder aanvaar nie.

"Ek is so bly," het Bent nagedink. "Ek het 'n hupstoot ontvang om die beste boodskap ooit met ander te deel." Die verskonings wat hy in die verlede gemaak het – die weer wat te sleg is, te warm is, te koud is, te winderig is – het gekwyn in die lig van volgehoue gebed en gehoorsaamheid.

Net soos die Gees Bent se geloof getransformeer het, word Christene regoor Europa op dieselfde manier getransformeer. Vrees word vervang met vreesloosheid, skugterheid met vasberadenheid en passiwiteit met aksie. Ongeag die afnames wat deur die statistiek aangedui word, lewe Christus – en Sy koninkryk is ewig en soewerein!



Bent



* Pew Research Center. 2018. Being a Christian in Western Europe. https://www.pewresearch.org/religion/2018/05/29/being-christian-in-western-europe/





### Transformasie Regoor Europa

In Málaga, Spanje, het Lourdes ook Harvesters se Dissipelmakers program bygewoon. Sy het verduidelik: “Die Evangelie is eenvoudig, net soos Jesus dit uitgelê het vir nederige, gewone mense. Soms bekommer ons onsself te veel.” Harvesters het haar gehelp om “terug te keer na die fondasies” en om te verstaan watter verantwoordelikheid sy het “voor Jesus en die roeping wat Hy gegee het.”



Lourdes




Sangeetha

Intussen het Sangeetha en ander deelnemers aan Dissipelmakers, in Leeds, in die Verenigde Koninkryke, ook hulle harte herbelyn met die Groot Opdrag. “Vir my was Jesus my persoonlike redder en dit was omtrent al. Ek het nooit daaraan gedink om uit te gaan en mense [van Hom] te vertel nie, want ek was te bang om vriendskappe te verloor of vir wat mense van my sou dink,” het Sangeetha erken. “Maar nou weet ek hoe belangrik die Groot Opdrag is. En Jesus is nie net vir my nie, maar ook vir ander mense.”



Paul

Uit Barcelona het Paul O’Neill, Harvesters se Kontinent-leier vir Europa, verklaar: “Jesus het hierdie mense lief. En ons werk… om mense se lewens te transformeer, dissipels te maak en huiskerke in hierdie pragtige stad te plant.”



Rodrigo

In Málaga het Rodrigo Hernandez, Harvesters se Streeksdirekteur vir Suid-Europa bygevoeg: “Jesus kan die patroon breek en ons weet dat die Evangelie redding bring en ons is hoopvol dat die kerk sy plek sal inneem… die krag sal opneem wat hulle in die hand het en die stad en hierdie streek vir Jesus sal transformeer.”

In Leeds, sê Sangeetha: “Ek gaan Jesus aan mense skenk en dissipels maak.” En in Bornholm is Bent vasberade om te gaan!

Ons vertrou dat God sy vlam selfs verder as Spanje, die VK en Denemarke sal neem – verder as Europa en uit na die wêreld. Mag ons nie ‘n gees van lafhartigheid hê nie, maar van “krag en liefde en selfbeheersing.”

NE0226_AFEM

**Vind meer uit oor Harvesters se Dissipelmakers op die agterblad.**








# Die *Harvesters-manier:*
## Ontsluit die Krag van Plaaslike Leierskap

Harvesters ontsluit die krag van plaaslike leierskap om wêreldwyd deure oop te maak vir die Evangelie. God hef leraars op wat elkeen uniek geposisioneer is om mense in hul eie gemeenskappe te bereik – en Harvesters is reg langs hulle om hulle toe te rus, op te lei en los te laat. Dit is *die Harvesters-manier*.

In Nampula, Mosambiek, weerspieël die reis van Leraar Jadreque dit baie mooi. Toe Harvesters in 2018 vir die eerste keer op die toneel verskyn het, was Jadreque deel van 'n groep wat ywerig was om meer te leer oor Harvesters se metodologie vir kerkplanting. Sedertdien het hy self gegroei tot 'n Harvesters Gelisensieerde Opleier (HLT), en onlangs die laaste Fase vir sy kollegas aangebied.

Jadreque se ontmoeting met Harvesters het sy roeping hervorm. "Voordat ek Harvesters geken het, het ek gedink dat God my geroep het… om maar net in die plaaslike kerk aan te bly en om te sien na die skape. Maar, vandat ek by Harvesters aangesluit het, het my bediening grootskaals vermenigvuldig met meer kerke."

Die resultate spreek vanself: "Sedert 2018, het die kerk in Nampula gegroei van 20 tot 50 kerke. En in Zambezia… van 30 tot 60 kerke." Dit is die krag van plaaslike leierskap.

Harvesters MINISTRIES

**www.harvestersministries.com**

Telefoon: **021-300-5629**
E-pos: **info@harvestersministries.com**
Adres: **13 Somerset Road • Longdown Estate • Somerset West, 7130**

Harvesters Ministries is 'n Geregistreerde Nie-Winsgewende- en Openbare Weldaadsorganisasie (NPO en PBO).

## Dissipelmakers

Ons het 'n nuwe weergawe van ons suksesvolle Dissipelmakers-kursus bekendgestel, wat ontwerp is om kerke met dissipelskap en groei te ondersteun. Ons loof die Here vir hierdie sukses. Na aanleiding van vyf-en-twintig jaar se ondervinding en sukses met ons evangelisasie, kerkplanting, leraar opleiding en dissipelskapstrategieë in meer as 100 lande, kom hierdie kursus terug na die basiese Bybelse beginsels. Die fokus is op die boodskap en metodologie van Jesus om die wêreld met die evangelie te bereik.

As jy meer wil leer oor die Dissipelmakers-kursus of ons wil nooi om dit by jou kerk te kom aanbied, kontak ons vandag nog.

## Help om die *weg te baan* sodat die wêreld Christus kan leer ken

Elke R 3 800 wat ingesamel word sal ons in staat stel om …

- ☑ 'n leraar op te lei
- ☑ 3 kerke te plant
- ☑ 'n Bybel te voorsien
- ☑ ongeveer 300 mense te bereik en van hulle dissipels te maak.

**Maak vandag 'n blywende verskil deur te gee!**

**Baie dankie.**

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:
Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnommer: 4075041297,
Takkode: 632005
Verwysing: "NE0226AFEM"+[jou naam]

Ander opsies om 'n bydrae te maak:
**GEE AANLYN** via ons webblad OF volg die QR kode om via Zapper of Snapscan te gee:

zapper SnapScan